NG Wes-Suid-Kaap deel met ons…

Hier is 'n paar foto's wat die storie van NG Parowvallei-Oos se bouwerk verder help vertel ... Theo Swart (predikant) vertel: "Tannie Louwtjie Louw, gebore in 24 Mei 1924 en op 91 die oudste meelewende lidmaat, het die onthulling gedoen. Sy het vertel hoe hulle in 1960 met die afstigting agter die dominee aangeloop het van die moederkerk na ons nuwe kerkgebou en dat sy by was toe die dominee die deur oopgesluit het en almal ingegaan het. Het met ’n knop in die keel daarna vir haar dankie gesê ..." Ook teenwoordig was ds Bossie Minnaar (die sinode se saakgelastigde). Kyk gerus na die netjiese plaat met troffel - aangrypende simboliek van hierdie gemeente se pad ... Ons baie goeie wense vorentoe. Mag een en almal die Here se seën beleef.



“Post” het verskyn op

Maandag 27 Julie 2015